

## EK IS MEESTER VAN MY VAK, NET JAMMER EK SPEEL MYSELF SO SWAK

### INTEGRITEIT 29 Januarie 2013

Die dag voor die skool vir julle begin het, het ek in die personeelkamer geopen. Ek het Psalm 121 aan die personeel voorgehou. Die titel van hierdie pragtige pelgrimslied ('n Pelgrim is 'n reisiger) is: **OP PAD**.

Elkeen van ons is ook 'n pelgrim, 'n reisiger. 'n Reisiger tussen die wieg en die graf. Baie van ons het ook hierdie vakansie gereis. Van plek tot plek. Van strand tot strand. Van familie tot vriende.

Elkeen van ons is egter ook met 'n geestelike reis besig. 'n Reis om geluk en vrede, 'n reis om aanvaarding, 'n reis om veiligheid en sekuriteit en bowenal 'n reis om liefde. Liefde vir God, liefde vir jouself en liefde vir jou naaste. Maar ons geestelike reis is eintlik 'n stryd teen die vernietigende dinge in ons lewens. Want dit is hierdie vernietigende dinge wat ons dikwels skei van die dinge waarna ek hierbo verwys het.

Ons verhouding met God, onself en ons naaste is 'n sagte, breekbare verhouding wat ten alle koste versorg, gekoester en heel gehou moet word. Ons moet dus weet wat ons afbreek en waarop ons moet let. Daarom het ons besluit om opnuut ons skool se waardestelsel aan julle voor te hou. Julle weet reeds wat ons kernwaardes is: Integriteit, respek, eerlikheid, diensbaarheid, vriendelikheid, lojaliteit en betroubaarheid.

Vandag wil ek graag op integriteit fokus.

Ek weet die kringeliers het hierdie naweek hierdie konsep deurgetrap. Integriteit is 'n baie moeilike en komplekse begrip en word dikwels verkeerd en oppervlakkig gebruik.

Integriteit is een van daardie woorde wat ons ironies genoeg soos **ONSKULD** en **LEWE** slegs begryp in terme van sy teenoorgestelde. Dit is eers as ons ons onskuld verloor en met 'n verskriklike skuldgevoel loop, dat ons besef wat ONSKULD is. Dit is eers as ons 'n geliefde aan die dood afstaan dat ons besef wat die LEWE is.

Daarom gaan ek eers aan die hand van 'n **kort storie** en 'n persoonlike bekentenis aan julle probeer illustreer wat integriteit is.

Die storie: Lank, lank gelede het 'n ou dominee die bus dorp toe gevat. Toe hy op die bus klim het hy by die busbestuurder sy kaartjie gekoop. Die busbestuurder het die dominee se kleingeld gegee en die dominee het heel agter in die bus gaan sit. By sy sitplek aangekom, merk die dominee dat die busbestuurder hom die verkeerde kleingeld gee het. Hy merk op dat die busbestuurder hom 10 sent te veel gegee het. Teen die agtergrond van moeilike ekonomiese tye en uitbuiting wat oral voorkom, het die dominee tevrede geglimlag. 'n Lekker bonussie – al is dit slegs 10 sent. Toe die bus by die bushalte stop waar die dominee moet afklim, stap die dominee vorentoe en besluit om tog onder aansporing van sy effens skuldige gewete die 10 sent vir die busbestuurder terug te gee. “Dankie, dominee” sê die busbestuurder. “Hoe weet jy ek is 'n dominee?” “ Ek was Sondag vir die eerste keer in my lewe in die kerk en dominee het oor integriteit gepreek. Ek wou net toets of dominee bedoel het wat dominee gepreek het.”

Ek wil hê jy moet baie eerlik met jouself wees. Wie van julle kan hier voor almal in die saal verklaar dat jy **nie die geld sou teruggee nie. M.a.w wie van julle het 'n gebrek aan integriteit?**

**Sal julle asseblief staan.** Daarom moet ek maar vir myself preek. As dit oor INTEGRITEIT gaan, moet mens maar by jouself begin en selfondersoek doen.

Ek het tydens my voorbereiding vir hierdie aanbieding ontdek dat ek 'n man sonder integriteit is, dat ek sondig is, en dat ek vele afskuwelike gesigte het. Hierdie gesigte op die skerm is 'n skitterende, akkurate en veelseggende uitbeelding van my lewe. Ek wil kortliks na elkeen van hierdie gesigte verwys en daardeur aan jou verduidelik hoe 'n karakter sonder integriteit in die alledaagse lewe lyk.

Ek is 'n persoon wat dikwels myself **in die steek laat** en **myself vernietig**. Die dinge waarin ek glo, my optrede, my woorde en my ingesteldheid teenoor die lewe laat my soms voel asof ek by 'n loodregte krans afstort en diep binne-in die helse vuur val.

**My eerste probleem** is dat ek mal is daaroor om my eie kop te volg. Ek wil my eie ding doen op my eie manier. Ek stel my eie belange bo die van ander mense en dikwels bo die dinge van God. Ek hou daarvan om die middelpunt van 'n gesprek te wees. Jy sien: dit gaan alles net oor myself. Ek is verskriklik selfgesentreerd en gee nie regtig om vir ander mense nie. Ek wil self god wees en my eie lewe bepaal.

Ek is **hoogmoedig en beterweterig**. Niemand kan my iets leer nie. Ek is meester van my vak, maar ek speel myself so swak. Maar pasop om my nie te gou te **veroordeel** nie. Want, die **suiwerste vorm van hoogmoed** is om te dink dat **jy die nederigheid vanself is**. Hoogmoed is 'n verskriklike sonde en solank hoogmoed in jou hart woon, kan jy nie vir God sien nie. Ons is **so** besig met ons daaglikse take en so vol van onself dat ons nie vir God en ander mense plek het nie. **Hoogmoed is die oorsaak van alle gebroke verhoudinge**. Ek vind om **twee redes** moeilik aansluiting by mense: een, omdat dit net om myself gaan en tweedens, omdat ek in die verlede slegte ervarings met mense gehad het wat my in die steek gelaat het. Ek het nie werklik empatie met ander mense se omstandighede nie, want ek is so besig om my eie omstandighede as verskoning voor te hou. Enigiets wat teenstrydig met my siening is, verwerp ek as verkeerd en onwaar. Dit is die rede waarom mense mekaar nie vertrou en lojaal aan mekaar is nie. Dit is ook die rede vir ons talle gebroke gesinne.

My tweede gesig sonder integriteit, is my **lieggesig**. Hoeveel leuens het ek nie al vertel nie. Sommer so maklik met 'n reguit en vroom gesig. Eintlik lieg ek nie so baie nie, ek hou net daarvan om die waarheid so bietjie te buig. Dit is waarom ek so 'n lang neus het.

Baie keer het ek al mense seergemaak as ek hulle die "waarheid" vertel het. Ek is mos 'n reguit mens, sê mos die ding soos dit is. **I call a spade a spade**. Die waarheid hieroor is dat eerlikheid sonder liefde nie integriteit is nie. Selfverloëning, opoffering, mededeelsaamheid, berou, vergifnis en onderdrukking van jou trots en ego is deel van die prys wat jy moet betaal om liefde in stand te hou. Maar omdat ek so vol van myself is, maak ek dit nie deel van my lewe nie.

Onthou net: reg is reg, al is almal daarteen; en verkeerd is verkeerd, al is almal daarvoor. Niemand kan reguit loop op 'n krom pad nie. Maar hoe krommer die pad vir my integriteitlose karakter, hoe makliker kan ek my leuens en halwe waarhede daarin versteek.

Maar daar is ook 'n **groter saak** as bloot **waarheid teenoor leuen**. My probleem is dat ek as mens **groot dele van die werklikheid nie raaksien nie**. Ek sien net wat ek wil sien. Vir die res is ek blind. **Jy sien nie wat is nie, wat is, is wat jy sien**. Jy sien nie die werklikheid soos dit is nie, jy sien dit soos jy is. So sal 'n leerder byvoorbeeld die onderwyser blameer vir sy of haar swak punte en blind wees vir sy of haar eie onvermoë. Ons projekteer altyd ons onvermoë op ander mense. Hiermee is ek 'n meester. 'n Man sonder integriteit.

Daar is mos die bekende storie van die maatskappy wat **hondekos** vervaardig het. Die maatskappy het miljoene rande in die bemaking van die hondekos gestoot toe hul verkoopsyfers drasties begin daal het. Dit het absoluut geen uitwerking gehad nie. Ten einde laaste het die Hoofuitvoerende Beampste van die maatskappy 'n dinkskrum gehou oor wat nou gedoen moet word. Elke aspek van bemaking is in detail bespreek en geen fout kon gevind word nie. Raad-op en moedeloos het hulle daar gesit en 'n tee-breek geneem. Tydens die tee-breek het die teemaker wat in die raadsaal was, aan een van die raadslede genoem dat die probleem dalk nie die bemakingsveldtog was nie, maar dat die **honde dalk nie van die hondekos hou nie**. Skielik het daar 'n lig opgegaan en was die oplossing maklik. Hulle het die heelyd die werklikheid misgekyk. Hoe dikwels doen ek en jy dit nie?

En ons doen dit veral met mense. Ek kan soms nie ander mense se goeie hoedanigede en talente raaksien nie, want ek dra my eie tekortkominge aan hulle oor. Net as ons die werklikheid ken, kan ons iets daaraan doen.

Die volgende gesig in my onvolledige karakter is 'n baie interessante gesig. Trouens, dit is 'n gesig wat heelyd verander. Sonder dat ander dit agterkom. **Skynheiligheid** is die enigste boosheid wat onsigbaar tussen ons wandel. Ek is nie wie ek regtig is nie. Ek gee voor. Ek is 'n maskerdraer. Ek dra so baie maskers dat ek later vergeet het wie ek regtig is nie.

Ek is mal oor toneelspel. Trouens, ek is so skynheilig dat ek nie meer my eie valsheid raaksien nie, maar in opregtheid daaroor lieg.

Het julle geweet dat ek 'n uiters bekwame **oogspesialis is?** Ek haal die heeldag splinters uit ander mense se oë en vergeet soms die balk in my eie oog. Die fout lê nooit by my nie – altyd by ander.

En het julle al die kleur van my oë gesien. **GROEN, GRASGROEN.** Grasgroen van **jaloesie en afguns.** Ek tel elke dag ander mense se seëninge en nooit my eie nie. Ek is met alles ontevrede en voel altyd onvergenoegd. My karakter is **hebsugtig.** Ek begeer alles wat ander mense het en ek word nooit genoeg betaal vir wat ek doen nie en ek kry nie die nodige erkenning vir al my goeie dae nie.

In 1 Timoteus 6:10 staan daar **gierigheid is die wortel van alle kwaad**, maar ek steur my nie daaraan nie.

**Hulle sê: “Twee sondes het Jesus finaal aan die kruis laat beland:**

**Judas se hebsug en die Joodse leiers se afguns”.** Ek wonder of dit waar is?

Terwyl ek met die **oog** besig is: Hieraan glo ek soos aan my chops en chips. **‘n Oog vir ‘n oog, en ‘n tand vir ‘n tand.** Dit is hoe ek **geskille** oplos. Ek hou daarvan om **wraak** te neem as ek voel dat iemand my **verontreg** het. Vergelding is die wapen in my hand om oor jou te **regeer** en my in **beheer** te laat voel.

**“Vader vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie”, is ‘n gebed wat ek maar selde bid.**

Maar dikwels kom hierdie **vergelding** baie meer **subtiel** voor. Veral as ons oor die **aanwending** van mense moet besluit. As die persoon nie sterk genoeg volgens ons oordeel is nie, sal ons nooit waardevolle dinge of verantwoordelikhede aan die persoon toevertrou nie. En, as die persoon vir ons te **sterk** lyk, sal ons dit ook nie doen nie, want dan voel ons bedreig en voel ons asof hierdie persoon nie ons **eie weerloosheid** nie sal verstaan nie.

Die volgende gesig is my **banggesig**. Ek is bang ek word nie aanvaar nie, ek is bang ek misluk, ek is bang ek is nie goed genoeg nie, ek is bang vir wat mense van my sal sê. Ek stress maklik. Ek twyfel in my eie vermoë. Ek voel soos 'n mislukking. **Vrees** is die donkerkamer waar my **negatiewiteit** en **swak selfbeeld** gebore word. Omdat my karakter 'n gebrek aan integriteit het, en ek so sondig is, is my grootste vrees dikwels God se lig. **Vrees** is die kettings wat keer dat ek myself **bevry** uit die gemors waarin my soms bevind. Maar vrees is niks anders as **valse bewyse** wat as die waarheid voorkom nie. Ons vrese is **die ding** wat ons die diepste en verste vir mense en **vir onself binne onself** wegsteek. Die enigste manier om te bepaal of **VREES** jou hele lewe beheer, is om **LIEFDE** nader te roep. **Daar is geen vrees in ware, onvoorwaardelike, omgee-liefde nie.** Gaan lees 1 Johannes 4.

My volgende gesig is my slapgatgesig. **LUIHEID. Luiheid is afgelei van die Latynse word: Acedia, wat letterlik beteken: ek gee nie om nie. Nie vir myself nie, nie vir God nie en vir niemand anders nie.** Luiheid gaan daaroor dat mens weet wat reg is, maar ook weet dat die regte pad 'n moeilike pad is. As jy na die nou pad voor jou kyk, word jou siel traag met die gedagte van die moeilike lewe. Die idee van "reg leef" maak jou nie opgewonde nie, maar eerder moedeloos. As jy dink aan wat jy behoort te doen **vir en in jou** verhouding met die Here, lyk dit te veel en los jy dit liever. Die moeite om die persoon te wees wat God wil hê ek moet wees maak dat ek traag word om te doen wat reg is.

**In Spreuke 26 staan daar 4 interessante beelde oor luiheid: Daar staan:**

**'n Luiaard se verskoning is: "Daar is 'n leeu op straat, 'n leeu is tussen die huise!"**

Ons sien die bedreigings (werklik of verbeel), die realiteite, die probleme, maar doen dan **niks** daaraan nie.

**'n Luiaard draai om en om op sy bed, soos 'n deur heen en weer swaai op sy skarnier.**

Ons bekommer ons oor dinge wat kan gebeur, maar neem nie eienaarskap nie.

**'n Luiaard steek sy hand in die skottel, maar sy hand is te moeg om dit weer terug te bring na sy mond.**

Doen ietsie wat reg is, maar voer dit nie deur nie; halfhartig – “ek weet ek moet, maar aai, dis soveel moeite.”

**Die luiaard dink hy weet meer as sewe ander mense wat goeie antwoorde kan gee.**

Ek is vinnig om myself te regverdig en te verdedig. Niemand kan sulke briljante, vindingryke verskonings uitdink soos 'n persoon wat nie sy werk gedoen het nie. **En dan glo ons aan hierdie verskonings, soos ons aan die Evangelie glo.**

**Ek moet bieg:** Ek is aan al vier hierdie dinge skuldig. My karakter is sonder integriteit.

Nog 'n eienskap van my integriteitlose karakter is my geneigdheid om **kort paaie** in die lewe te vat. Ek hou nie van beplanning en voorbereiding en volgehoue harde werk nie. Ek wil sommer skiet voordat ek die boog in my hand het. **Ek bid vir 'n maklike lewe;** nie om sterker te word nie. Ek bid vir 'n werk in ooreenstemming met my kragte; en nie vir krag in **ooreenstemming met my werk** nie. **Ek bid vir makliker vraestelle; en nie vir die regte studiemetode nie.**

Die Japannese sê: Harde werk het bitter wortels, maar soet vrugte. Ek soek die vrugte van die lewe, maar wil nie regtig daarvoor werk nie. Daarom kollegas, het ek al gesê: ek soek 'n werk waarvan die **“job”** uitgehaal is.

En dan kla ek dat ek **oorwerk** is. Jy sien, die duiwel bring ons onder die indruk dat ons **goed** doen **deur ons te oorwerk** in diens van die goeie. Veral waar vir onderwysers, kollegas. Maar wat die duiwel eintlik doen, is om ons aan te moedig om meer te doen as wat ons liggame kan, sodat ons later **NIKS** kan doen nie. Die **uitgebrande, ongebalanseerde mens**, is 'n maklike teiken vir hom.

My voorlaaste gesig: **WOEDE**. Gou kwaadword is my tweede naam. Julle ken my mos. Woede is 'n verterende vuur binne ons wat ons vernietig. Ons **sê en doen** dinge voordat ons behoorlik daaroor gedink het en dit maak mense en onself baie seer. Dit is **ironies** dat as ons kwaad word, ons juis die ding verloor wat ons die graagste wil behou, naamlik **BEHEER**.

My laaste gesig: **Vraatsug**. Vraatsug is 'n emosionele siekte: Dit is die simptoom van iets binne-in ons wat besig is om ons op te eet. As ek nie my sin kry nie, as ek kwaad is, as ek stress, as ek verwerp voel, vlug ek na kos om my te troos. Dit is as ons nie maaghonger is nie, maar kop-, hart- en sielshonger is. 'n Gevaarlike siekte wat 'n gesonde, gebalanseerde leefstyl bedreig en ons as mens dikwels vernietig.

Wie van julle het al ontdek dat daar 'n stemmetjie binne-in jou is. 'n Stemmetjie wat helder en duidelik vir jou sê dat jy op die verkeerde pad is. Party geleerde mense noem dit ons **GEWETE**. Dikwels hoor ek die stemmetjie: Moenie so vol van jouself wees nie, moenie so lieg nie, moenie so jaloers wees nie, moenie so lui wees nie, moenie bang wees nie, moenie so gou kwaad word nie, moenie so ongesond eet nie, moenie dit doen nie, pasop! Ek probeer so af en toe teen een of twee van hulle baklei, maar meeste van die kere maak ek daai ou stemmetjie gou-gou stil. Sien, my gewete is al lekker afgestomp en skrik vir niks nie. Ek's 'n dapper muis, kyk hoe stap ek deur die huis, en daar is niks waarvoor ek skrik nie.

**En so vernietig ek myself.** Maar dit pla ook nie regtig meer nie, want of ek nou worry of nie worry nie ons almal gaan mos maar dood en ons almal maak mos maar net 'n **geraamte** groot. En so leef ons sonder integriteit – net soos ons wil, in die wêreld wat ons vir onself in ons **kop** skep.

**Ek hoop met die bekendstelling van my vele gesigte, het ek die gebrokenheid van my karakter aan julle oopgevelek en onomwonde aan julle bewys dat ek 'n man sonder integriteit is. Maar, voordat julle my met julle vooroordeel kruisig, moet ek miskien weer vra: die van julle wat aan geen van bogenoemde dinge skuldig is nie, staan.**

**Nou eers kan ons met mekaar oor integriteit praat en waarom dit so belangrik vir ons lewens is.**



Ons mag nie God se genade deur 'n lam, integriteitlose, geestelike reis verspeel nie. Ons kan nie in hoogmoed en in traagheid, in hebsug, in jaloesie en woede, in leuens en in wellus leef as ons **egte geluk** wil ervaar nie. 'n Mens kan slegs in **vrede met jouself** leef as jy met integriteit en eerlikheid leef, as jy die werklikheid sien soos dit is en jy aan die eise van daardie werklikheid kan voldoen.

Daarom is die vraag: Hoe weeg jou **skaal** in 'n tyd van morele verval? Voldoen jy aan die eise van die werklikheid? Is jou karakter **volledig en heel**? Het jy integriteit? **Of vou jy, "crack" jy, voel jy geestelik moeg, eensaam en verworpe, dat niemand vir jou omgee of jou verstaan nie?**

Of jy gaan vou of voldoen aan die eise van die werklikheid, gaan bepaal word deur die **kwaliteit, volledigheid en heelheid van jou karakter.**

Kom ek verduidelik dit aan die hand van die volgende **twee foto's**. Hier sien jy die ruimtetuig, **Columbia**, op sy vertrek die ruimte in. Tydens 'n ruimte-reis word daar geweldig hoë eise aan die karakter van die material waaruit die ruimtetuig gebou is, gestel. Een klein, klein karakterfoutjie kan absoluut katastrofies wees. Soos op die tweede foto uitgebeeld word. Ons almal onthou daardie tragiese dag toe Columbia in die lug ontplof het.

**Net so kraak plastiese mense maklik.** As daar êrens 'n fout, 'n gebrek, 'n kraak in jou waardestelsel is, sal dit uitkom in jou karakter en **gereflekteer** word in jou **woorde en optrede**. As jy egter al jou waardes in balans kan hou, is jy 'n persoon met integriteit en sal jy alle aanslae van die lewe en die duiwel te bowe kan kom.

Die Latynse woord "in/te/ger" waaruit **INTEGRITEIT** ontwikkel het, kan in Afrikaans vertaal word met die woorde **VOLLEDIGHEID of HEELHEID**. Hierteenoor beteken die woord **DIABOLIES** (bose) om af te hok / om te verdeel / om die balans te versteur / om verskillende gesigte te hê / om gapings in jou karakter te hê.

**Eenvoudig en prakties gestel, beteken dit dat jy integritiet het as jou denke, jou woorde, jou optrede (dade) en al jou waardes altyd ooreenstem. EEN GESIG. Soos Jesus. Soos God.**

Ons kan dit so uitbeeld: Glo / voel + Sê / dink + Doen = een lyn vorm = integriteit

Die seilskipmodel illustreer INTEGRITEIT uitstekend:

**Die kiel**, wat die boot balanseer, is ons waardes.

**Die roer**, is ons visie vir onself.

Dit lê diep binne ons verskuil en onbekend aan ander mense.

**Die seile**, wat sigbaar is, is hoe ek myself bestuur, wat ek glo, wat ek dink, wat ek voel, wat ek doen. Hoe ek teenoor God, myself en ander mense optree en wat ek vir hulle sê. My verhoudings. My leefwyse.

**Die mas** bring alles wat deel is van die boot by mekaar. **Die mas wat alles in my lewe ( my waardes, my visie, my gevoelens, my woorde en my dade) aan mekaar verbind is my integriteit.**

As my **waardestelsel en my optrede en my woorde en my dade** dus nie ooreenstem nie, soos wanneer ek hoogmoeg, oneerlik en lui is, dan versteur ek die **balans, die heelheid, die volledigheid van my karakter** en tree ek sonder integriteit op. Die duiwel probeer die verskillende dele van die seilskip losmaak / skei / die eenheid verbreek. As die mas sou breek, sou die seilskip net op die oop see rondobber en as daar nie redding kom nie, sou dit kon sink.

Verlede week het meneer Vorster oor die waarde van **RESPEK** gepraat. Waar staan integriteit teenoor respek? Ons kan dit so uitbeeld. Integriteit is die wortels van die boom, en respek die blare of vrugte van die boom. Net as die boom se wortelstelsel gesond en sterk is, sal dit mooi, gesonde blare of vrugte hê. Watter deel van die boom moet ons dus water en voeding gee. Die wortels.

Terug na die beeld van die seilboot: As die seilboot sou vaar, laat dit 'n **volgstroom**. Net so laat **ons leefwyse** 'n volgstroom, 'n **invloed**. Ons moet beseft dat ons nie in isolasie leef nie. Ons woorde en dade het 'n invloed op mense, op gemeenskappe, op die samelewing en op ons omgewing.

My integriteit of gebrek aan integriteit het 'n invloed op **my keuses** en my keuses het in die eerste plek 'n invloed op my eie geluk en vrede en veiligheid.

My integriteit het 'n invloed op **my verhoudinge**: met God, met mense, met die omgewing.

My integriteit het 'n invloed op my huiswerk en **werk**.

My integriteit het 'n invloed op die vlak van my **sukses**.

**Wie ek is**, my karakterintegriteit, sal dus uiteindelik bepaal of my verstand, my talente, my vaardighede, my energie, my werkywer en my vermoë om te presteer, **sukcesvol sal wees**. Jou integriteit sal bepaal of mense jou vertrou, of hulle op jou sal staatmaak, of jy betroubaar is, of jy eerlik en opreg is, of jou ja **JA** en jou nee **NEE** is, of jy in staat sal wees om **die regte ding op die regte tyd op die regte plek te kan doen**. Integriteit is wie jy regtig is as niemand jou dophou nie.

Ek wil afsluit met die volgende vraag: **“Is daar voordele vir 'n karakter met integriteit? Beslis:**

Eerstens: Slegs 'n persoon met integriteit kan naby God lewe. 'n Persoon sonder integriteit word sy eie god.

Tweedens: 'n Persoon met integriteit het 'n ingebore rigting wyser wat hom of haar op koers hou in die lewe. 'n Persoon sonder integriteit verdwaal tussen sy maskers en weet nie wie hy is en waarheen hy op pad is nie.

Derdens: Net 'n persoon met integriteit het konstant vrede en rustigheid in sy hart en kan as liefdeskanaal dien waardeur God se liefde na ander kan vloei. Die persoon sonder integriteit is leeg, gejaagd, onrustig, altyd soekend na ware geluk.

Vierdens: Net die persoon met integriteit kan ander mense vertrou, respekteer, verstaan en waardeer en ander mense se vertrou en respek verdien. Die persoon sonder integriteit is onbetroubaar, toon geen respek en waardering nie en ervaar dikwels verwerping en ly aan vervolgingswaansin.

Vyfdens: 'n Persoon met integriteit kan negatiewe situasies, struikelblokke, mislukkings, terugslae en verliese oorkom en bo hul omstandighede uitstyg. Sulke mense leef 'n ten-spyte-van-lewe en dien as inspirasie vir ander.

Die persoon sonder integriteit raak depressief en ly aan selfbejammering en word gevange gehou deur hulle omstandighede en leef 'n as-gevolg-van-lewe.

Laastens: 'n Persoon met integriteit **groei voortdurend** as mens en stel hul eie belange ondergeskik aan die groter doelwitte in die lewe. Hulle geniet die lewe ten volle en verwonder hulle aan die wonder van die skepping en die wonder van die lewe. 'n Persoon sonder integriteit stagneer en wonder oor die sin en betekenis van die lewe.

### **HIERDIE BEHOORT GENOEG REDE TE WEES OM TE STREWE NA INTEGRITEIT .**

Laat God toe om jou **denke** vir jou te vernuwe, om jou **gedrag** vir jou te bepaal en laat Sy Woord jou die **pad wys**. God gee ons Sy Woord om as 'n spieël te dien tussen my vermomming en my gesig sodat ek die **WARE EK** raaksien en beseft hoe my lewe lyk. Sodra ek dit verstaan, kan ek die proses begin om my beeld reg te stel sodat die **WARE EK** ook na **buite** sigbaar is.

Onthou dat integriteit nie **volmaaktheid** beteken nie, want niemand is volmaak nie. **Dit beklemtoon eerder dat jy moet wees, wie jy veronderstel is om te wees!** 'n Volgeling en verteenwoordiger van God. Onthou, integriteit (heelheid) spruit voort uit 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus, die **EEN** wat gestuur is om **heel te maak** waar ons gebroke is.

Ek wil jou vandag vra om nie verder jou **masker** te dra nie. Om nie verder voor te gee dat jy alles onder beheer het nie. Om vir 'n oomblik die naakste waarheid van jou lewe in die oë te staar en God vir hulp te vra. Om vir 'n oomblik voor God te staan soos jy is, naak en ontbloot en Hom te vra om hierdie leuen of geneigdheid om sonder integriteit te leef, te vat. Dit is tyd dat ek en jy pa staan vir ons foute. God wil ons vergewe en ons gesond maak / heel maak.

Die vraag is: **“Wat moet ons doen?”** Watter reëls moet ons toepas? Die antwoord is eenvoudig: **Integriteit het nie reëls nodig nie**. Al wat ons moet doen, is om ons lewe vir die Here te gee en alles in Sy Hande te los, want Hy het 'n plan met elkeen van ons reisverhale en ons kan slegs deur **Sy Genade** gered word. **AMEN.**